Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 22 AUGUSTUS 2018 OM 15:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Wnde Uitvoerende Burgemeester, rdv M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Mfutwana, L E (EFF)
McQuire, V D (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die wnde Uitvoerende Burgemeester, raadslede en amptenare.

Die Speaker versoek, gedagtig aan Vrouemaand, Rdl N Smit om die die vergadering met skriflesing en gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, rdle C B Fortuin, E S M Maart en M van Zyl.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 MEDEDELINGS DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SWARTLAND MUNISIPALITEIT AANGEWYS AS WENNER VAN GROENSTE MUNISIPALITEIT KOMPETISIE

Die Speaker gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, om die Raad in te lig aangaande die eer wat Swartland Munisipaliteit te beurt geval het om aangewys te word as die Groenste Munisipaliteit in die land.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die grootste uitdaging was om die provinsiale rondte van die kompetisie te wen, aangesien die kompetisie in die Wes-Kaap baie straf was. Swartland Munisipaliteit het goed voorberei vir die kompetisie, aangesien die prysgeld van R3,5 miljoen 'n groot verskil kan maak.

Die fokus van die kompetisie het verskuif vanaf “skoonste dorp” na “groenste dorp” en behels dit dat die kompetisie uit baie meer kategorieë bestaan, bv. afvalbestuur, energie doeltreffendheid, bestuur van waterbronne, vergroeningsinisiatiewe, luggehaltebeheer, en so meer.

Die Munisipale Bestuurder noem dat, met voormelde in ag genome, die voorbereiding en inskrywing ‘n kollektiewe poging was wat die behaling van 1ste plek nog meer spesiaal maak. Byvoorbeeld, die raadslede wat oorgegaan het om sakelyste elektronies te ontvang, lewer ‘n bydrae tot poging om ‘groener’ te wees.

Die Munisipale Bestuurder gaan voort om die trofee aan die Uitvoerende Burgemeester en Speaker te oorhandig.

VIR KENNISNAME

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 GOEDKEURING VAN DIE 2018/2019 OORROL AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2018/2019)

Die Speaker gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, om die item aan die Raad toe te lig.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die toepaslike wetgewing en noem dat die oorrol aansuiweringsbegroting beoog om projekte wat weens onvoorsiening omstandighede nie kon realiseer in die 2017/2018 finansiële jaar oor te rol na die 2018/2019 finansiële jaar.

Daar word spesifiek verwys na die RSEP-projekte, vyf in totaal, wat nie afgehandel is nie, weens ‘n likwidasieaansoek teen die kontrakteur wat nie suksesvol ter syder gestel kon word nie. Met die gevolg dat die munisipaliteit weer op tender moes uitgaan. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die nuwe tender voor die einde van die 2017/2018 finansiële jaar toegeken is.

Aangesien die RSEP-befondsing ‘n eksterne bron van finansiëring vanaf Provinsie is, is daar met laasgenoemde in gesprek getree om goedgekeuring te verleen vir die oorrol van die fondse, waarvan die goedkeuring reeds bekom is.

Op navraag van rdl B J Penxa aangaande die kort tydsverloop tussen die onderskeie komitees wat die oorrol aansuiweringsbegroting oorweeg het, noem die Munisipale Bestuurder dat dié begroting ingevolge wetgewing teen 25 Augustus goedgekeur moet word.

Die Munisipale Bestuurder bevestig verder, op navraag van rdl D B Philander, dat geen gewysigde inligting vanuit die Begrotingsbeheerkomitee- en Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings op datum voortgespruit het nie.

Nadat rdl D B Philander verskeie navrae het ten opsigte van die skedules tot die item, bevestig die Direkteur: Finansiële Dienste dat die enigste wysigings op die skedules voortspruit uit die agt projekte wat oorrol en waarvoor daar reeds in die 2017/2018 finansiële jaar begroot was. Dit sal dus raadsaam wees om die navrae te rig tydens die oorweging van die meerjarige begroting.

Die 2018/2019 oorrol aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting is deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 22 Augustus 2018 oorweeg, vir aanbeveling aan die Raad.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van vier raadslede) met 13 stemme ten gunste en ses raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

(a) Dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om verduidelikings en motiverings van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg;

4.1/...

(b) Dat kennis geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar nie en geen impak op die begrote surplus van R10 951 610 nie;

(c) Dat kennis geneem word dat die 2018/2019 oorrol aansuiweringsbegroting nie 'n impak het op die 2019/2020 en 2020/2021 buite finansiële jare soos goedgekeur op 31 Mei 2018 nie;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oorrol van ongespandeerde RSEP befondsing soos goedgekeur deur Provinsiale Tesourie ten opsigte van die 2016/2017 en 2017/2018 finansiële jare ten bedrae van R3 816 114 (verwys na besonderhede onder paragraaf 2.3) wat die RSEP befondsde projekte sal verhoog na R6 316 114;

(e) Dat goedkeuring verder verleen word vir die oorrol van ongespandeerde fondse van die Departement van Menslike Nedersettings vir die bedrag van R1 533 288 (verwys na besonderhede onder paragraaf 2.1) en die oorrol van eie fondse (CRR) vir die bedrag van R2 947 340 (verwys na besonderhede onder paragraaf 2.3);

(f) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in **Aanhangsel A** uiteengesit;

(g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;

(h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) dienooreen-komstig gewysig word;

(i) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2018/2019 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	**Aansuiweringsbegroting 2018/2019**	**Oorspronklike Begroting 2019/2020**	**Oorspronklike Begroting 2020/2021**
Kapitaalbegroting	R 87 245 909	R 94 009 363	R 97 544 038	R 123 974 860
Bedryfsuitgawes	R 698 278 426	R 699 811 714	R 711 223 093	R 730 314 794
Bedryfsinkomste	R 746 205 036	R 751 554 438	R 792 475 517	R 831 670 644
Begrote (Surplus)/ Tekort	(R 47 926 610)	(R 51 742 724)	(R 81 252 425)	(R 101 355 849)
Minus Kapitaal Toekennings	R 36 975 000	R 40 791 114	R 42 261 000	R 42 685 000
(Surplus)/ Tekort	(R 10 951 610)	(R 10 951 610)	(R 38 991 425)	(R 58 670 849)

GETEKEN:
SPEAKER